Wes-Kaapse sake-nuus

Work Dynamics neem voortou

Britse bedryfsielkunde-toetsinstrument plaaslik geïmplementeer

Carin Smith, Kaapstad

Twee jaar van vasbyt het gesorg dat die Kaapse personeeldienstekonsultante Work Dynamics gereed is om unieke bedryfsielkunde-toetsinstrumente uit Brittanje plaaslik te implementeer.

Volgens mnr. Francois Wilbers, besturende direkteur van Work Dynamics, het een van die maatskappy se direkteure tydens 'n werkterrein in Londen van die Britse maatskappy Cubiks se navorsing en ontwikkeling van nuwe toetsinstrumente te hore gekom. Sy het dadelik die res van die direksie laat weet sy dink dit kan 'n goeie geleentheid wees vir 'n samewerkingsooreenkoms.

Toe Wilbers kort daarna hoor Cubiks se uitvoerende bestuurder is met vakansie in die Kaap, het hy dadelik 'n afspraak met hom gereël om sakemoontlikhede te bespreek.

"Cubiks is 'n personeelkonsultantfirma met 'n redelike aansien in Brittanje en hulle doen ook toetsontwikkeling. Ons was gretig om hulle instrumente in die Suid-Afrikaanse mark te gebruik, terwyl hulle terselfdertyd belang gestel het om in Afrika uit te breï," vertel Wilbers.

Work Dynamics, met bemagtigingsvennote wat 'n 26%-belang besit, se ervaring het geleer hoe belangrik taal is by die aflê van simmetrieë toetse en daarom het die maatskappy aan die werk gespring om Cubiks se toetsinstrumente in Afrikaans, Engels, Xhosa, Zoeloe, Pedi en Sotho beskikbaar te hê.

"Deel van ons strategie is om met Cubiks op internasionale kontrakte saam te werk, sodat ons plaaslike talent ook in die buiteland blootstelling kan kry. Van ons konsultante het byvoorbeeld reeds saam met hulle in Maleisië gewerk," sê Wilbers.

Mnr. Francois Wilbers Foto: VERSKAF

Volgens hom gee die beskikbaarheid van die toetsinstrument in Xhosa aandag aan 'n groot behoefte in die Wes- en Oos-Kaap. Dit skep ook werkgeleenthede vir konsultante.

"Die toenemende vraag na kundigheid op die gebied van bedryfsielkunde het ons maatskappy laat groei van 'n klein konsultasiefirma 'n paar jaar gelede tot een met sowat 20 konsultante," sê Wilbers.

Ten einde Cubiks se normatiewe Personality and Preference Inventory (PAPI-N) vir Suid-Afrika gestandaardiseer te kry, is die hulp van 'n aantal groot Kaapse maatskappye ingeroep vir navorsingstoetsloples.

"Dis baie belangrik om seker te maak die norme waarmee jy toetsing vergelyk, geld vir die Suid-Afrikaanse gemeenskap en dat dit ons diverse gemeenskap in ag neem," verduidelik Wilbers.

Behalwe die taalopsies is die ander unieke aspek wat die PAPI-N volgens Wilbers bied, die groter weerspieëling van mense wat in algemene werktaal verskaf word. Van die vorige instrumente wat hulle gebruik het, het 'n baie sterk klintese agtergrond, terwyl die PAPI-N spesifiek gaan oor die werkplek en terugvoer in 'n taal gee wat makliker deur personeelbestuurders verstaan kan word.

Wilbers sê Cubiks beskou Suid-Afrika as die poort na die res van Afrika en samewerking met Work Dynamics bied 'n beter kennis van die vasteland.

"Dis 'n belangrike belegging om die regte mense in die regte poste aangestel te kry en ook watter bosteding aan ontwikkeling van personeel en hulle loopbane gedoen word. Daar is beslis 'n opbloei in die wêreld wat dié vakgebied betref. Al meer klem word in sakebestuur gelê op menshulpbronbestuur en die regte aanwending daarvan tot voordeel van die maatskappy as geheel," sluit Wilbers af.